

# Keiki ewyn

Roepstem uit die Dorsland

**Verbondsonderrig - Katkisasie - Sondagskool**

Wie sal ons kinders leer?

**Gee jou kind wysheid.**

**Vrou-wees in Christus...**

**wat 'n vreugde!**



**Lykverbranding bots met 'n  
egte Christelike lewensstyl.**

**ERFGENAAM**

**VAN SY VERBOND.**

**Rookverslaaf?**

# Wie sal ons kinders leer?

Die vraag het al menigte ouderling en predikant hoofbrekens besorg. Wie se verantwoordelikheid is die kategese onderrig nou eintlik? Moet die kerkraad in die rigting van die ouers kyk of moet die ouers in die rigting van die kerkraad kyk? Of moet hulle saam na die kinders kyk? Is dit die een of die ander of is dit 'n gesamentlike verantwoordelikheid? Uit die Bybel kan ons perspektief kry om hierdie vrae te oordink en te beantwoord.

## Verantwoordelikheid op twee vlakke

Wanneer ons die gegewens van die Bybel nagaan oor die opvoeding van kinders, in die kerk en die samelewing, is dit duidelik dat die eerste verantwoordelikheid by die ouers lê. Die duidelikste uitsprake in hierdie verband is in Deuteronomium 6:4-7 en Psalm 78:1-8. Daarby kan natuurlik ook die hele Spreukeboek gevoeg word wat die onderrig van 'n vader aan seun en selfs 'n moeder (Spr. 30) aan haar seun weergee. In die Nuwe Testamentiese perspektief, word die verantwoordelikheid van kinderopvoeding in die evangelie veronderstel wanneer Christus aan sy dissipels die opdrag gee "Laat my lammers wei." (Joh. 21:15).

In die eerste twee gedeeltes sien ons dus die primêre ouer-verantwoordelikheid vir die opvoeding van kinders en in die tweede gedeelte sien ons die kerklike verantwoordelikheid wat aan die apostels opgedra word. Kom ons kyk na beide verantwoordelikhede.

## Herinnering aan die wet - Deuteronomium 6:4-7

Die doel van die boek Deuteronomium is juis om die wet aan Israel, wat op die punt staan om die Beloofde land in te neem, te leer. Die geslag wat uit Egipte verlos is, het in die woestyn gesterf as gevolg van hul gedurige koppigheid teenoor die Here. Die inbesitname van Kanaän is dus vir die volk van die Here 'n nuwe begin in hulle geskiedenis. Nou staan hulle aan die vooraand van hierdie nuwe begin met die opdrag dat hulle self gehoorsaam aan die insettinge van die Here moet leef en meer nog, dat hulle hierdie insettinge aan hulle kinders moet leer. Wat egter opmerklik is in hierdie bevel, is dat die Here die betrokkenheid by onderrig nie net tot die ouers beperk nie, maar uitbrei na die grootouers en verdere geslagte. Nietemin, ontvang die ouers van

die volk in die bybelteks die opdrag om hulle kinders te onderrig in die wet van die Here.

Verder is dit ook opmerklik dat die verbondsonderrig van die kinders nie beperk is tot 'n afknyp-tydjie in die week nie. Dit is ook nie net beperk tot die samekomste van die volk by die tempel nie. Die wet moet ingeskerp word of daar gesit, gestaan of geloop word. Die bedoeling is duidelik. Elke geleentheid wat 'n ouer met sy kind het, is 'n geleentheid om die Woord aan hom of haar te verkondig. Ons loop nie Bybel-onder-die-arm nie, maar met die Woord in ons harte en ons lippe. Ons woorde, gedagtes en dade wat ons met ons kinders deel, verkondig aan hulle dat God in ons lewe deur sy Woord regeer.

## Terugblik op die geskiedenis - Psalm 78:1-8

Die eerste agt verse van Psalm 78 dien as 'n inleiding van die geskiedenis wat kunstig in digvorm oorgedra gaan word. Hierdie onderwysing van Asaf vertel die geskiedenis van Israel se gedurige afval voor die Here, maar te midde daarvan hoe Hy tog altyddeur genadig was. In die woestyn het die volk gemurmureer en in die Beloofde land het hulle klakkeloos in afgodsdiens verval. Te midde hiervan het die Here sy erfdeel opgepas en hulle altyddeur bewaar. Hy is die goeie Herder wat sy volk beskerm en met sy sagte hand hul lei. Deur hierdie vertelling leer die kinders van die volk dat die Here genadig is te midde van ons sondige bestaan.

Uit hierdie Psalm is dit duidelik dat die kinders van die volk in die geskiedenis van die dade van die Here onderrig moet word. In vers 4 en vers 6 word die verantwoordelikheid van die vaders om dit aan hulle kinders te vertel, bekend gemaak. Veral in vers 6 word die belang van die oorvertelling van die een geslag na die volgende geslag onderstreep, sodat die volgende geslag dit kan weet en die kinders kan opstaan en dit vertel aan hulle kinders.

## Jesus aan sy dissipels - "Laat my lammers wei"

Die kerk het ook 'n taak om die kinders in die gemeente te onderrig. Net voor die hemelvaart van Christus gee Hy die opdrag aan sy dissipels by monde van Petrus dat hulle die roeping het om die kudde van die Here op te pas. Dit sluit die lammers in. Met soveel woorde sê Hy dit in Johannes 21:15 as hy die opdrag gee dat hulle die roeping het om die klein skapies ook te voed met die Woord. Duidelik is dit hier nie net 'n opdrag aan die ouers nie, maar ook aan die kerk en hulle wat die gesag van Christus in die kerk moet bedien.

## Wie sal dan ons kinders leer?

In die lig van die Bybelse boodskap is dit duidelik dat ouers en kerkraad nie teenoor mekaar staan wanneer dit by die verantwoordelikheid van kategetiese onderrig kom nie. Owers het die roeping om die wet en werke van die Here oor te vertel, daarvan is geen twyfel nie. Die kerkraad het die roeping om toesig te hou oor alle aspekte van die bediening van die evangelie, ook oor die onderrig van die kleintjies. Wie sal dit dus doen? Eerstens die ouers by die huisaltaar en daaruit onder die toesig van die kerkraad saam met die ander lammertjies wat wei in die Woord van die Here.

Ds. C Jooste (Pretoria)



**Redaksie****Redakteur**

Ds. Neil Prinsloo  
redakteur@kelkiewyn.za.net  
+264 81-294 0055

**Taalsuiwerheid**

Tienie Duvenhage  
info@uitspanhunting.com

**Bladuitleg**

Dina Adamson  
DMA@mweb.com.na

**Uit die Redakteur se pen**

Ons leef in 'n tyd waar kinders se onderrig in Bybelse lering ongelukkig baie gefragmenteerd is en nie sistematis aangebied word nie. Dit bring 'n situasie waar hulle "soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering ..." (Ef. 4:14). God wil hê dat Sy kinders die Bybel "van kleins af" moet ken, want hierdie kennis sal hulle "wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus."

Verder is "Die hele Skrif .. deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." (2 Tim. 3:15-17).

Ons Here het die kerke ook gelei om sistematische Bybelse en leerstellige materiaal te ontwikkel om sodoende die waarheid te behou en oor te dra aan die volgende generasie. Ongelukkig word die praktyk nie meer wyd toegepas deur gemeentes nie. Dooplidmate behoort egter van kleins af van ons Here geleer te word.

Kategetiese onderrig deur die gemeente kan begin as die kind begin lees, totdat hy/sy 'n volwasse jeugdige is. Dan behoort daar voldoende instruksie te wees in die "volle raad van God" (Hand. 20:27). Die gemeente behoort die Christenouer by te staan om die kinders "volgens die eis van sy weg te oefen; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie." (Spr. 22:6).

Sommige van ons noem dit 'Verbondsonderrig' ander 'Katkisasie', en nog ander 'Sondagskool'. Dit is duidelik dat, wat jy dit ookal noem, gemeentes 'n poging behoort aan te wend om hulle dooplidmate te onderrig om op alle gebiede in hulle lewens die Here te dien. In hierdie uitgawe staan ons spesifiek stil by die amptelike onderrig wat kerke aan hulle dooplidmate gee, om hulle só op te voed dat hulle uiteindelik volwasse in die geloof raak en dan in die openbaar belydenis van hulle geloof aflê.

Ds. Christiaan Jooste van Pretoria raak *Relevant* en kyk wie se taak dit is om gelowige kinders te leer.

Ds. Ronald Bain van Potchefstroom skryf met *Ywer* en gee vir ons riglyne om praktiese handvatsels vir gelowiges en gemeentes te gee oor die inhoud van kategetiese

onderrig. Prof. Callie Coetzee van die Noordwes Universiteit, Potchefstroom kampus skryf vir ons oor lykverbranding, 'n praktyk wat daaglik toeneem.

Henriëtte vertel vir die *Kuikens* van die gelykenis van die skat in die saailand. Ds. Hannes leer ons lewe met 'n artikel oor die vreugde van Vrou-wees in Christus, ons *Leeslus* word aangewakker met die bekendstelling van Arso se Lewensoriëntering boekreeks en *Maatstok* bespreek die boek: *Charismate en Gereformeerdes verskil oor die Bybel*.

Cynthia maak 'n vroeg-uit-die-vere ontbyt, Dok Erich kyk na rookverslawing en *Webvlug* kyk na 'n blog om mee rekening te hou. Die jongklomp kan lees wat sê ds. Petrus Jansen van Nieuwenhuisen van Marble Hall oor Katkisasie en hy antwoord ook die vraag of belydenis van geloof 'n eind- of beginpunt is.

Ds. Albert Berg van Vaalwater oordink Spreeke 30:24-28 saam met jou. Lees ook weer: *Wie is in beheer* en geniet ons *Bybel blokraai*. Die oplossing volg in die volgende uitgawe.

Dit is ons bede dat die *Kelkiewyn* jou in jou geloofslewe sal toerus. Geniet elke eier hierin gelê en mag die roep van die *Kelkiewyn* in jou hart broeiplek kry en in jou lewe opvlieg!





## Katkisasie is Woordverkondiging!

Miskien klink dit oorbodig om te vra: 'Wat moet die inhoud van katkisasie wees?' Die antwoord behoort tog vanselfsprekend te wees. Wanneer 'n mens na verskeie katkisasiehandleidings kyk, besef jy hoe aktueel die vraag werklik is. Moet 'n mens met die Belydenisskrifte, soos die Heidelbergse Kategismus begin? Of dalk met die lewe en werke van Christus of dalk bekende figure soos Noag en Abraham en Moses en Elia? Of dalk met die groot gebeure in die Bybel soos die sondeval, vloed, roeping van Abraham, die uittoeg? Moet 'n mens die Bybel dalk van voor tot agter deurwerk of dalk eerder sekere temas met die kinders behandel?

### Die inhoud is nie iets nie, dis Iemand

Die inhoud van enige katkisasies is die Drie-enige God self. Dit gaan daaroor om die openbaring van God in die Bybel aan die kinders te verduidelik en verstaanbaar oor te dra, sodat hulle Hom kan leer ken en liefhê. Daarom is Christus self die groot Kategoot. Dis Hy wat die verbondskinders leer van God. Dis Hy wat deur sy Gees en Woord (Bybel) in hulle 'n begrip en liefde vir die Woord werk, sodat hulle God kan leer ken en liefhê. Daarvoor gebruik Hy die Woord.

### Godsopenbaring

Die Bybel leer ons eerstens Wie God is. Die hele Bybel wys na die Drie-enige God. Dit moet ook die fokus wees van elke les. Wat het ons van God geleer in hierdie les? Die kern van elke les is om die kind voor die aangesig van God te stel. In elke les behoort die openbaring oor God absoluut sentraal te staan. Die boodskap moet eenvoudig en duidelik geformuleer word en duidelik in verband gebring word met die Skrifgedeelte. Wees versigtig dat die katkisasies nie in 'n sedeles ontaard nie. Anders gestel, 'n mens moet nie die goeie nuus verruil vir slegs goeie advies nie. Dit gaan nooit in katkisasie eerstens oor wat ons alles moet doen nie, maar oor wat God gedoen het, steeds doen en Wie Hy is!

### Christus en die Heilige Gees

Wanneer die openbaring oor God die middelpunt van die les is, kan dit nie sonder die verkondiging van Christus en die werk van die Heilige Gees wees nie. Paulus skryf aan die gemeente in Korinte dat hy hom voorgeneem het om niks anders onder hulle te weet as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde, nie (1 Kor. 2:2). Godsopenbaring sonder Christusverkondiging is angswakkend. Tog hoef 'n mens nie net te fokus op die reddingswerk van

Christus nie, maar op die volheid van sy amp as Profeet, Priester en Koning. Die Heilige Gees pas die werk van Christus toe in ons lewens en daarom is die verkondiging van die Gees se werk onmisbaar. 'n Katkisasies en 'n preek het dus baie in gemeen. As die Drie-enige God nie verkondig word nie, is die Godsopenbaring arm.

### Die Bybel is die beste katkisasiehandleiding

Om die kinders van God te leer moet 'n mens kyk hoe die Bybel dit doen. God het Homself geopenbaar deur die geskiedenis. Daardie geskiedenis is vir sy volk neergeskryf. Daarom behoort die eerste klompie jare van katkisasie toegespits te wees op die openbaringsgeskiedenis (Geskiedenis, soos God Homself in die Bybel bekend maak). Die Bybel moet van Genesis tot Openbaring in die katkisasieonderrig behandel word. Wanneer die kinders nog klein is, word dit bondig behandel. Wanneer die kinders bietjie ouer is, kan die openbaringsgeskiedenis van voor af behandel word, maar meer intensief. Wanneer kinders hoërskool-ouderdom bereik, behoort die openbaringsgeskiedenis steeds behandel te word, saam met ander Bybelboeke soos die profete, die sendbriewe, Openbaring ens. Daar moet 'n deeglike Bybelkennis by die verbondskinders gekweek word deur herhaling en verdieping.

... vervolg op bladsy 6.

# Gee jou kind wysheid



Lees: Spreuke 30:24-28

Soms voel jy dat katkisasie net nog 'n plig is wat afgehandel moet word in die grootmaak van jou kind. Die realiteit is egter dat kategese nie maar net sommer iets is wat 'n kind moet doen om by sy belydenisaflegging te kom nie. Kategese is in der waarheid lewensnoodsaaklik. Dit gee ons kinders kennis van God. In ons gelese Bybelteks leer die Here ons die belangrikheid van klein wees; Hy leer wysheid en Hy leer ons wat die basis vir kategese is. Hy leer ons wat ons ons kinders moet leer om suksesvol die lewenswedloop te voltooi en Hy laat ons al die kennis opdoen deur ons te laat kyk na Sy skepping.

## Kyk na die miere

Miere is nie sterk of magtig nie, maar tog kan ons baie by hulle leer. In Spreuke 6:6 is dit 'n duidelike opdrag. "Gaan na die mier, lúaard, kyk na sy weë en word wys." Wat sal jy wys word deur na miere te kyk? Jy leer dat dit wat die miere so suksesvol maak, hulle *harde werk* is. Owers het 'n doopbelofte afgelê dat hulle hulle kinders sal opvoed in die vrese van die Here. Hoe doen jy dit? Doen jy dit soos 'n lúaard of werk jy so hard soos die miere in die opvoeding van jou kinders? Deuteronomium 6:7 leer: "...en jy moet dit (die instellings van die Here) jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan." Moenie jou kind net tydens katkisasie van die Here leer nie. Leer jou kind van God - in alle omstandighede en op alle plekke. Ons behoort hard te werk in die opvoeding van ons kinders. Die voorbeeld wat jy vir jou kind stel, is dit wat hy ook gaan navolg met sy kinders.

## Kyk na die krepidossie

Wat kan ons by die krepidossie leer? Hulle weet waar dit veilig is. Hulle onvlug die gevaar van die roofdier deur onder die rotse te skuil. In ons lewens is daar ook gevare en daarom moet ons ook weet waar om te skuil. Psalm 62:8 leer ons: "By God is my heil en my eer; die rots van my sterkte, my toevlug is in God." Ons Rots is God. Waarheen vlug ons in tye van nood? Is ons so wys soos die krepidossie om te weet waar ons heil en beskerming is? So baie mense vlug huis in tye van nood nie na God nie, maar hulle gaan soek hulle heil in aardse dinge. Ons moet ons kinders leer waar dit veilig is. Net by God. Nie by aardse dinge nie.

## Kyk na die sprinkane

Wat maak die sprinkane wys? Hulle het nie 'n koning nie, maar tog trek die hele swerm in goeie orde. Hulle werk saam. Hulle werk as een liggaam en so het hulle nie 'n leier nodig nie. Die kerk van die Here is ook 'n

liggaam. 1 Korintiërs 12:20 lees: "Maar nou is daar wel baie lede, maar net een liggaam." Die kerk moet ook ordelik en as 'n eenheid saamwerk. Ons het die plig om ons kinders lief te maak vir die kerk en hulle te leer om ook as 'n eenheid saam te werk. Dit is wat Christus van sy Kerk verwag.

## Kyk na die geitjie

'n Geitjie is aanpasbaar, maar verloor nooit sy eienskappe nie. Soos wat hy in die natuur lyk, so lyk hy ook in 'n koninklike paleis. Hy bly altyd 'n geitjie. Wanneer jy 'n wilde dier vang en dit vervreem van sy omgewing, sien jy 'n verwonde en kwaai dier, maar die geitjie lyk altyd dieselfde. Ons moet ons kinders so opvoed dat hulle altyd uitgeken sal word as Christene. Hulle mag nie hulle karakter in die wêreld verloor nie. Hulle moet enige plek uitgeken kan word as kinders van die Here. Dit kan 'n mens alleen regkry deur 'n voorbeeld vir jou kind te wees deur altyd die beginsels van God uit te lewe, ongeag waar jy is of wat jy doen.

## Dink weer na oor die volgende vrae

Wat word dooplidmate geleer in die gemeente? Sien hulle die erns van harde werk vir die Here? Sien hulle dat die Here ons enigste skuling is? Sien hulle dat ons as een liggaam saamwerk? Sien hulle Christus altyd in ons raak?

Onthou die misdaad van die vaders en die moeders word besoek aan die kinders tot aan die derde en die vierde geslag van die wat nie liefde vir God toon nie. Barmhartigheid word egter tot in die duisendste geslag bewys aan die wat Hom liefhet en sy geboorie onderhou. Leer jou kinders dan om dit te onderhou. Gee jou kind wysheid.

Ds. Albert Berg (Vaalwater)



... vervolg vanaf bladsy 4.

### Die Belydenisskrifte

Dis veral in die hoëskooljare dat die kinders ryper word om met die Belydenisskrifte te werk en leerstellige sake te verstaan. Die fokus verskuif dan van die openbaringsgeskiedenis na die Belydenisskrifte. Dis nodig dat die katkisante 'n geheelbeeld van die Kategismus kry. Om net hier en daar aan te haal uit 'n Sondagsafdeling maak hulle nie vertroud met die Kategismus nie.

Daarom moet die katkisante die Kategismus ten minste een keer deeglik behandel, sodat hulle dit goed onder die knie kan kry. Daar is geloofswaarhede in die Nederlandse Geloofsbelofte en Dordtse leerreëls wat ook behandel moet word voordat kinders belydenis van geloof aflê, soos die gesag van die Skrif en die leer van die Uitverkiesing. In die behandeling van die Belydenis is kerkgeskiedenis natuurlik ook van groot belang.

### Deurlopende onderrig

Om te voorkom dat katkisasielesse vinnig afgerammel word kan die lesse geïntegreer word met 'n huisgodsdienstprogram. Dit sou betekenis dat die les mooi binne konteks verstaan word. Dit betekenis ook dat alle kinders 'n spesifieke gedeelte tydens katkisasie behandel wat aan die orde gekom het tydens huisgodsdienst. Hoe ouer hulle word, hoe meer verdiep die les en ekstra gedeeltes wat hulle moet bylees.

### Toepassing

Soos reeds genoem het katkisasie ten doel om kinders te leer om God te ken en lief te hê. Liefde is dade van dankbaarheid. Daarom moet daar 'n toepassing in die les wees. Hierdie toepassing moet gegrond wees op die Godsopenbaring. 'Omdat God dit gedoen het wil

ons in liefde antwoord deur dit en dat te doen.' Dis veral hier waar die kinders betrek kan word. Hoe leef 'n mens nou dankbaar na dit wat jy gehoor het?

Ons kinders se Skrifkennis word bedreig deur min of geen huisgodsdienst en katkisasie wat dalk nie meer so sterk fokus op die leer van die Bybelse geskiedenis nie. Dis juis deur die Woord dat die geloof gewerk word sê Romeine 10:17. Hoe skraler die Skrifkennis, hoe skraler die geloof. Katkisasie behoort niks anders te wees as Woordbediening nie. Wanneer die Woord aan die kinders bedien word kom Christus self aan die woord, so wek Hy geloof en so vergader en beskerm Hy sy kerk.

### Onmisbare wenke

- Godsopenbaring staan altyd sentraal.
- Christus en die Heilige Gees moet altyd verkondig word.
- Wees versigtig vir sedelesse gee. (Moenie die goeie nuus net verruil vir goeie advies nie.)
- Wees prakties en pas die les toe, sodat die kind ook kan weet hoe om dankbaar te leef.
- Laat die kinders altyd hulle Bybels en Psalmboeke saambring.
- Sorg dat die Bybel altyd gelees word tydens die les.
- Maak die kinders vertroud met die Belydenisskrifte.
- Gee die kinders ook geleentheid om te lees en te bid.
- Die memorisering van Skrifgedeeltes en Psalmverse is belangrik.

Ds. Ronald Bain (Potchefstroom)



# Lykverbranding bots met 'n egte Christelike lewensstyl



## Onrusbarende toename

Die praktyk van lykverbranding (ook genoem kremasie of verassing) neem onrusbarend toe. Dit moet in die duidelikste taal gestel word dat ons hier met 'n praktyk te doen het wat direk in stryd is met die Bybel en wat ons op grond van God se Woord bely. Dit is dan ook uit die geskiedenis van die vroegste tye duidelik dat lykverbranding uit en uit 'n heidense praktyk is.

## Redes vir verassing

Sommige meen dit is goedkoper om te veras as om te begrawe, 'n persepsie wat van alle waarheid ontbloot is. Ander meen daar sal binnekort nie meer genoeg ruimte wees vir begraafplase nie. Dit is 'n rede wat al vir dekades genoem word, maar steeds nie gerealiseer het nie. Nog ander wil deur verassing voorkom dat hulle grafte geplunder of geskend word, 'n rede wat hoegenaamd nie opweeg teen die eis van die Bybel nie. Dit geld ook vir die mense wat by die dood liewer hulle gestorwe dierbare se wens om veras te word, eerbiedig. Die vraag moet wees wat God wil hê.

## Onkunde

Uit gesprekke met persone wat positief is oor verassing, is dit duidelik dat daar by belydende gelowiges geweldige onkunde bestaan oor verassing en die implikasies wat dit inhoud ten opsigte van wat ons glo. So word die vraag heel dikwels gevra:

'Maar wat dan van mense wat in 'n motorongeluk of 'n bomontploffing verkoel word, of wie se lyke nooit gevind word om te begrawe nie?' Die vraag is nie of God by magte is om iemand wat verkoel is of wie se liggaam in duisende flentertjies geskiet word, lewend te maak en kan laat opstaan nie. Natuurlik kan Hy. God is almagtig. Die vraag waaroor dit hier gaan, is: Wat glo en bely ons, en hoe leef ons ons geloof uit, ook in die oomblikke van die dood?

## Verkeerde verstaan van die Bybel

Talle gelowiges word verwarr deur 'n verkeerde Skrifverklaring. En dan gaan dit veral oor die verklaring van 1 Korintiërs 15, die hoofstuk in die Bybel wat handel oor die liggaamlike opstanding van Christus en van die gelowiges, waar die pragtige beeld gebruik word van die boer wat sy saad in die grond saai met die verwagting van die oes.

Hierdie hoofstuk is ook van deurslaggewende betekenis vir ons beoordeling van lykverbranding. Christus het liggaamlik uit die dood opgestaan. Hy is die eersteling en na Hom volg die volle oes. Hy is die Hoof en die gelowiges is sy liggaam. Omdat die Hoof opgestaan het, moet die liggaam volg. Wanneer ons ons dierbares begrawe, is ons met saaiwerk besig. Ons saai in die geloof, in die seker wete en die blye verwagting van die opstanding, die oes wat ingesamel sal word, soos die boer. Watter boer gooï eer sy saad in die vuur voor hy dit saai, en verwag dan nog 'n oes?

## Wat leer die Bybel verder?

Die waarheid van die opstanding en die ryke betekenis van die begrafnis word dwarsdeur die Bybel verkondig. Abraham was bereid om sy seun Isak te offer (Gen. 22), omdat hy geglo het dat God mag het om uit die dood op te wek (Heb. 11:19). Wanneer Abraham nog nie 'n enkele vierkante meter grond besit nie, is dit vir hom van die allergrootste belang om 'n graf te besit (Gen. 23).

Josef moet vir Jakob met 'n eed bevestig dat hy hom nie in Egipte nie maar in die graf van sy voorvaders sal begrawe (Gen. 47:30,31). En Josef

self laat sy broers ook sweer dat hulle sy liggaam sal saamneem wanneer God sy volk uit Egipte verlos (Gen. 50:25).

Dit is Paulus se wens en bede dat Christus groot gemaak sal word in sy liggaam, of dit deur die lewe of deur die dood is (Fil. 1:20).

As ons in 1 Samuel 31 lees dat die inwoners van Jabel die liggame van Saul en sy manskappe verbrand het, moet ons dit sien in die lig van die ontbinding wat reeds ingetree het. Wat egter opmerklik is, is dat die liggame nie geheel en al veras is nie, maar dat daar uitdruklik staan dat hulle die bene begrawe het. So het hulle ook in die baie besondere omstandighede die eer van die begrafnis toegepas (vgl. Calvyn se verklaring).

Calvyn leer uit die Bybel: "Waartoe anders het die gebruik om die dode te begrawe gedien as om hulle te onderwys dat daar vir die begrawe liggame 'n nuwe lewe berei was? Hierdie gewoonte het nie uit bygelowigheid voortgekom nie. Ons sien dat die Heilige Gees die begrafnisse net so uitvoerig in die Bybel verhaal as die vernaamste verborgenhede van die geloof. Die seremonie was vir die vaders 'n besondere hulpmiddel vir hulle geloof. Abraham sou nie so sorgvuldig vir die begrafnis van sy vrou gesorg het as hy nie daarvan oortuig was dat dit sy eie geloof en die van sy huisgesin sou versterk nie."

... vervolg op bladsy 9.



# Aros

Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies

## Lewensoriëntering (LO)



Lewensoriëntering (LO) in skole is vandag 'n kontroversiële kwessie. Is dit goed dat kinders van 'n vroeë ouderdom aan knelpunte soos onder andere VIGS en seksuele voortplanting blootgestel word? Stem dit wat leerders oor godsdienstidivsiteit in die klas leer ooreen met dit wat die Bybel ons leer? Hoe kan LO vanuit 'n Christelike perspektief aangebied word?

Die doel van LO, soos blyk uit die nuwe Hersiene Nasionale Kurrikulum Verklaring (NHKV) is om leerders te begelei om hul talente te gebruik om sodoende hul fisiese, intellektuele, persoonlike, emosionele en sosiale potensiaal te bereik. Verskeie temas word beklemtoon: selfontwikkeling in die gemeenskap, gesondheidsbevordering, sosiale ontwikkeling, persoonlike ontwikkeling, oriëntering ten opsigte van die beroepswêreld en fisiese ontwikkeling en beweging. Alhoewel hierdie temas oopsigself nie verkeerd is nie is

is die beginsels waarop die inhoud gebaseer is krities belangrik. So ook die vertrekpunt van die onderwyser.

Aros is die afgelope sewe jaar besig om 'n Christelike kurrikulum te ontwikkel. LO is een van die leerareas waarmee daar vroeg reeds weggespring is aangesien daar soveel kontroversiële temas daarin behandel word. Dit is belangrik om ons kinders nie wêreldvreemd groot te maak nie, daarom is die NHKV, soos deur die Departement van Onderwys voorgeskryf, se riglyne vir die saamstel van die boeke gebruik.

### Wat maak Aros se LO boeke anders?

Die vertrekpunt van die boeke is die Tien Gebooie. Al die temas soos voorgeskryf deur die NHKV word behandel, maar aangebied vanuit 'n Christelike perspektief. Dink veral aan die evolusieteorie wat in feitlik elke handboek voorkom. Dit is belangrik om hierdie onbybelse teorie met kinders te behandel, maar vanuit 'n Christelike perspektief gegrond op Genesis.

Verder word daar verskeie temas bygewerk. Die mens se kulturopdrag, identiteit en roeping, rook en drank en my verhouding met God, my omgewing, gesin en ander vorm deel van LO soos deur Aros ontwikkel. Dit is belangrik om vir kinders die waarheid volgens die Bybel te leer deur begeleide konfrontasie. So word verseker dat leerders nie vreemd staan teenoor die kwessies nie, maar dit kan beoordeel vanuit 'n Christelike perspektief.

Hierdie boeke is beskikbaar vanaf graad 4-9, met enkele boeke wat nog in proses is. Verskeie boeke is in Engels beskikbaar. Ander leerareas is ook reeds ontwikkel met feitlik die volledige laerskool kurrikulum wat beskikbaar is. Aros is dankbaar dat hierdie boeke in 'n hele aantal openbare en privaat skole met vrug gebruik word. Op so 'n wyse kan ons kinders toerus om voluit soutende sout en ligtende lig in die wêreld te wees.

Vir verdere navrae besoek gerus Aros se webblad by [www.aros.ac.za](http://www.aros.ac.za) of kontak Aletta Prinsloo by +26 467 313 943 (Namibië) of Lydia Vogel by [lydia.vogel@aros.ac.za](mailto:lydia.vogel@aros.ac.za) vir 'n pryslys.

## Opgedis

### Vroeeg-nut-die-vere-nessies



Hierdie is 'n lekker ontbyt vir 'n lekker bederfie vir jou mense – amper soos 'n normale ontbyt, net met 'n verrassende kinkel. Genoeg vir 4 mense

- 4 Eiers
- 4 Repies ontbyt spek
- 4 Skyfies tamaties
- Gerasperde Kaas

Voorverhit oond op 180°C. Spuit 4 muffinpan holtes met kossproei. Lé die holtes van die muffinpan uit met die repies ontbytspek. Plaas 'n skyfie tamatie in elke holte. Breek 'n eier in elk van die holtes oop, maar moenie die geel breek nie. Strooi gerasperde kaas oor. Bak in die voorverhitte oond totdat die eier gaar en gestol is (±15 - 20 min afhangende van oond se temperatuur).

Skep uit en bedien warm saam met roosterbrood of geniet net so.

Cynthia de Smit



# Rookverslaaf?

Rook was sosiaal aanvaarbaar in die 1960-70's, maar tans besef ons al die gevare. Rook is 'n groot euwel wat verantwoordelik is vir baie sterftes.

Hier volg 'n paar skadelike en besoedelende stowwe in 'n sigaret!

- Asetoon – naellakverwyderraar
- Asynsuur
- Ammoniak – vloer reiniger
- Arseen – dodelike gif
- Butane – sigaretaanstekervloeistof
- Koolstofmonoksied – uitlaatgas
- DDT – insekdoder
- Formalien – preserveermiddel
- Metanol
- Naftaleen – mottegif
- Fenol – ontsmettingsmiddel
- Tolueen – oplosmiddel



Rook tas nie net jou asemhalingstelsel aan nie, maar beskadig ook die brein, hart en bloedvate. Dit is verantwoordelik vir hartaanvalle, beroertes, sirkulasieprobleme, mond en tandsiektes, kanker en emfiseem. Moet nooit begin nie, want dit is baie moeilik om van nikotien verslawing ontslae te raak. Tans is daar verskeie medikasies beskikbaar wat jou kan help om op te hou rook, maar geloof, wilskrag en motivering is baie belangrik. Raadpleeg jou dokter en kry 'n ondersteuningsgroep en laat jou familie en vriende jou help om gemotiveerd te bly om op te hou rook. Dis nooit te laat om op te hou nie – hoe gouer hoe beter.

Petrus sê: "... want as iets jou in sy mag het, is jy sy slaaf" (2 Pet. 2:19). Is jy slaaf van rook of nikotien? Verder lees ons dat Paulus skryf: "Julle weet tog: as julle, julle aan iemand (*iets*) onderwerp om hom as slawe te gehoorsaam, is julle die slawe van die een aan wie julle gehoorsaam is. As dit die sonde is, beteken dit vir julle die dood; as dit gehoorsaamheid aan God is, beteken dit vryspreek en lewe" (Rom 6:16).

Is jy onder die mag van nikotien? Gryp jy na jou sigaret as jy opgewonde, kwaad of teleurgesteld raak? Gryp eerder na Christus. Raak afhanklik van Christus.

Gaan soek ook hulp by: <http://www.healthline.com>

Dr. Erich Kesslau



... vervolg vanaf bladsy 7.

## Wat glo ons?

Ons bely die waarheid van die Bybel as ons ontwyfelbare geloof, veral in die Heidelbergse Kategismus, soos volg:

Ons enigste troos in lewe en in sterwe, is dat ons met *liggaam* en siel aan Christus behoort( vr/antw. 1).

Christus se opstanding is vir ons die betroubare waarborg van ons salige opstanding (vr/antw. 45).

Christus se hemelvaart beteken dat ons, ons menslike natuur (*liggaam*) in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy as die Hoof ook ons, sy

lede, na Hom toe sal neem (vr/antw. 49).

Nie alleen my siel sal na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem word nie, maar ook *hierdie selfde liggaam* van my sal, deur die krag van Christus opgewek word en weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig word (vr/antw. 57).

## Wat jy glo is hoe jy leef

Ons geloof moet in ons lewens uitgeleef word, ook by die graf. Anders het ons geloof mos geen betekenis nie. Anders is daar mos geen verskil tussen ons en hulle wat nie hierdie heerlike geloof het nie.

Ons moet ophou om elke Sondag vroom te bely: "Ek glo aan die opstanding van die liggaam", en dan in die week te leef en te sterf, en te veras, asof ons belydenis nik te sê het nie. Lykverbranding is nie in ooreenstemming met die Woord van God nie. Dit is heidens en dit bots met die egte Christelike lewensstyl.

Vir die volledige artikel en ook ander ooreenstemmende artikels sien: <http://proregnoblogspot.com/>

(Prof. CFC Coetzee,  
afgetrede dogmatiek-  
professor van die  
Teologiese Skool in  
Potchefstroom)



# Charismate en gereformeerdes verskil oor die Bybel

## Ingrypende, radikale verskille

Charismatiese en gereformeerde leerstellings oor die mens en sy/haar saligheid is nie dieselfde nie. Die rede daarvoor is dat die mensbeskouing, soos deur die onderskeie kerkverbande gehuldig, van mekaar verskil. Nogtans grond altwee hulle besondere standpunte op Bybelse gegewens. Die beskouings verskil daarin dat die interpretasie van die Bybel oor *wat* en *wie* die mens is en hoe verlossing gebeur, verskil. Dit het implikasies vir hoe daar oor die mens en sy verbondenheid aan die kerk, oor wat geglo en bely word en oor die werklikheid in die algemeen, gedink word.

## Agtergrond

Na dertien jaar se navorsing het Siewert Wiid van Kimberley tot belangrike bevindinge gekom. Hy het sy navorsing op skrif gestel, ten einde die verskille wat daar bestaan, aan te teken en te sistematiseer. Dit het nou uitgeloop op 'n boek waarin die verskille omvattend behandel word.

Elkeen wat kerklik/godsdiestig betrokke wil wees, neem 'n besluit daaroor, op grond van wat deur die besondere kerk waarby ingeskakel word, geleer word. Maar hoe Skriftuurlik is hierdie leer? Wat dit betref, veral dan die leer oor die mens, sy verlossing en saligheid en sy verhouding tot God-drieënig.

## Die charismatiese en gereformeerde kerkleer verskil fundamenteel

Die resultate van die navorsing toon dit duidelik aan. Die individu se besluit oor kerklidmaatskap is, in die lig hiervan, 'n belangrike saak, aangesien dit bepaal word deur hoe en wat 'n persoon self oor sonde, verlossing, ens. dink en glo. Ten diepste handel dit oor hoe daar oor God gedink, en wat oor Hom geglo en bely word. Op die keper beskou, is dit die aspirerende lidmaat se Skrif- en gevolglike mens- en werklikheidsbeskouing wat dit bepaal. Die gronde waarop charismate en gereformeerdes se beskouinge oor die mens en die werklikheid, kragtens Bybelse interpretasie, verskil, is derhalwe 'n saak waarvan deeglike kennis geneem moet word. Waarom is dit belangrik dat ek, as kerklidmaat, 'n waarheidsgetroue beeld oor hierdie sake moet hê?

Ek moet weet op grond waarvan en op welke wyse die verlossing langs die heilsorde van die wedergeboorte, bekering ens. van die mens plaasvind, ten einde seker te kan wees dat dit op 'n Bybels-korrekte interpretasie gegrond is. Dit het gevolge vir veral die ware verlossingsleer, naamlik hoe die heilswerk van die Here Jesus in 'n menselewe tot voltrekking kom, en hoe die verandering wat in so 'n mens se lewe gebeur, plaasvind. Die skrywer se bevinding is dat daar sulke radikale verskille tussen charismate en gereformeerdes deur die navorsing blootgelê word, dat dit nie geïgnoreer mag word nie. Dit is nodig dat mense daaroor ingelig word. Uiteindelik gaan dit oor geloofskerheid, met die oog op die mens se ewige bestemming en toekoms.

## Siewert skryf hieroor soos volg:

### Die belangrikste verskil tussen charismate en gereformeerdes

Die mees belangrike verskil tussen charismate en gereformeerdes gaan oor die ontstaan van 'n mens se gees. Volgens die charismatiese kerke is die mens se liggaam geskep maar die gees van die mens is ongeskape en bestaan uit 'n gedeelte van God se Gees. Gereformeerde kerke glo egter dat die liggaam sowel as die gees van die mens deur God geskep is en daar is heelwat Bybeltekste wat dit bevestig.

Hierdie verskil oor die gees van die mens ontketen ook verskille oor die volgende onderwerpe:


- Die skepping van die mens
- Die oorsaak van sonde
- Die onderskeiding tussen goed en kwaad
- Die verskil tussen die Christen en Jesus
- Die natuur van die mens voor wedergeboorte en die natuur van die mens na wedergeboorte
- Hoe die mens verlos word
- Hoe die mens regverdig word
- Wat die genade van God beteken
- Wat die doop beteken
- Wat geestelike oorlog beteken
- Wat die ewige lewe beteken

Die meeste mense is onbewus van hierdie verskille, omdat daar min boeke is wat hierdie verskille verduidelik. Let op die volgende voorbeeld: Vir charismate beteken die ewige lewe dat jy God se soort lewe in jou gees ontvang. Vir Gereformeerdes beteken die ewige lewe dat God se Gees jou gees vir ewig lewend hou.

### Ander belangrike verskille tussen charismate en gereformeerdes

Het u ook geweet dat charismate glo jou siel is jou ou mens en jou gees is jou nuwe mens, terwyl gereformeerdes glo dat siel en gees dieselfde mens is? Gereformeerdes glo dat jou ou mens slegs ou neigings is - nie 'n aparte mens nie. Indien u hierdie boek lees, sal u nog baie soortgelyke verskille teekom. Daar is ongeveer 50 van hulle. Deur hierdie verskille te ken, kan jy jou geestelike oordeelsvermoë verbreed. Jy sal beter kan onderskei tussen waarheid en dwaling. Jy sal verbaas wees om te sien hoe dieselfde Bybeltekste verskillend uitgelê word.

... vervolg op bladsy 11.





## Pro Regno is Koninkrykswerk – Hebreërs 12:28

*Pro Regno* is 'n blog of webjoernaal, nie 'n webtuiste nie. Dit word deur Ds. Slabbert Le Cornu van Carletonville met gereelde toevoegings van kommentaar, beskrywing van gebeure en artikels oor geloofskwessies instand gehou. Hierdie blog is interaktief, wat besoekers instaat stel om kommentaar te lewer op plasings. Jy kan selfs boodskappe aan die onderskeie 'bloggers' stuur. Hierdie blog onderskei dus van ander statiese webtuistes.

Die Latynse woorde *Pro Regno* beteken: 'vir die Koninkryk'. Die doel van die blog is om artikels beskikbaar te stel oor verskillende onderwerpe ter bevordering van ons dienswerk in die Koninkryk van God in Christus.

Die blog het 25 skakels wat jou instaat stel om met ander goeie Bybelgetroue tuijtes kontak te maak en nog meer stof vir jou dienswerk te kan vind. Daar is onder meer 111 kategorieë waaronder jy artikels kan lees of soek. Ek noem 'n paar daarvan om julle 'n idée van die inhoud te gee: Afrikaner Studiebybel; Angus Buchan; Demokrasie; Doop; Eindtye; Gesin; Homoseksualisme; Jeug bediening; Kruistogte; Moslems; New Age; Politiek; Rassisme; Rusdag; Tuisskool ens. Onder die kategorie boeke en Audios kan jy bv. kyk na besprekings oor boeke en audio opnames. Hier kry jy inligting oor nuwe boeke en audio opnames wat verskyn. Daar word selfs skakels gegee waar jy meer inligting oor die inhoud van die boek en/of 'n resensie daarvan kan lees.

... vervolg vanaf bladsy 10.

Hierdie boek handel oor twee uiteenlopende uitlegtes van die Bybel. Charismate skei goed en kwaad tussen vlees en gees. Gereformeerdes skei goed en kwaad tussen lig en duisternis en hierdie lig en duisternis oorskry die grense van vlees sowel as gees. Dit is egter nie op God van toepassing nie, want God self is lig - in Hom alleen is geen duisternis nie.

Hierdie boek gaan oor grense. Charismate en Gereformeerdes se grense verskil van mekaar.

Daar is ook interessante audio-leërs om na te luister. Een voorbeeld hiervan is die herinneringe van C. Engel oor pres. Paul Kruger se laaste dae in die Laeveld voordat hy oorsee sou vertrek na Nederland.

Vanaf Januarie 2010 het sowat 23 000 besoekers hier leesstof gevind, kommentaar gelewer en aan gesprekke deelgeneem. Jy kan ook inskakel en by die Blog registreer om 'n e-pos te ontvang wanneer nuwe inligting op die blog verskyn.

Ek beskou hierdie as 'n effektiewe, praktiese, eenvoudige en vinnige manier van inligting versamel in ons leeftyd. Gebruik hierdie blog wanneer jy vrae oor sekere kwessies beantwoord wil hê of teken gratis in en ontvang met elke brokkie nuwe inligting 'n boodskap en gaan kyk self.

Kontakbesonderhede:

Ds. Slabbert Le Cornu

E-pos: [proregno@gmail.com](mailto:proregno@gmail.com)

Blog: <http://proregno.wordpress.com/>



Gereformeerdes trek die grens van sonde baie verder as charismate. Dit is die rede waarom charismate glo dat hulle self regverdig kan word, terwyl Gereformeerdes glo dat Christus die enigste ware regverdige is.

U kan die boek van die VCHO bestel:

Tel. +27 51-525 2267

E-Pos: [vcho@mjvn.co.za](mailto:vcho@mjvn.co.za)

Tuisblad: <http://www.vcho.co.za>

# ERFGENAAM VAN SY VERBOND

## Katkisasie gaan in die eerste plek nie net oor jou nie

Het dit al in jou gedagtes kom nesmaak dat niemand anders nie as die HERE, 'n paar keer iets oor jou gesê het? Hy sê: Jy is sy kind. Jy is 'n burger van die koninkryk van die hemel. Jy is erfgenaam van sy verbond. Jy is 'n vreemdeling op die aarde. Jy is nie van hierdie wêreld nie.'

Het jy al agtergekom die HERE praat altyd met ons in hierdie trant: "Ek is die HERE wat jou uitgelei het ..." (Gen. 15:7). 'n Bietjie later: "Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het" (Eks. 20:2). Ons moet saam met die gemeente in Éfese hoor dat dit God is wat ons in Christus uitverkies het om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil, tot lof van die heerlikheid van sy genade (Ef. 1:3-6). Dit is verbondstaal, verhoudingstaal, genadetaal. Hoor jy die HERE het jou en sy gemeente gered vir Hom? Katkisasie gaan in die eerste plek nie net oor jou, die enige *ek*, nie. Dit is jy wat moet hoor: 'God het jou eerste liefgehad, so lief dat Hy sy Seun vir jou gegee het, om jou te red.'

## Hoekom het ek dan katkisasie?

Dat jy kan hoor van God met jou. Katkisasie is onderrig oor die verhouding tussen God en sy kinders. Vir sover as wat ons kan terugstap op die verbondspoor, kry ons die heelpad die een padpredikant: "Hoor, Israel (*verbondsgemeente, verbondskind –pvn*), die HERE onse God, is 'n enige HERE" (Deut 6:4). Katkisasie is met ander woorde onderrig om die HERE te leer ken. Dit is om te leer Wie Hy is, wat Hy met jou doen, wat Hy jou maak.

Katkisasie is soos instap in 'n gallery waar jy omring word van 'n keurige uitstalling van die bladsye van die

Bybel, terwyl die klankbaan van die Heilige Gees jou menswees vul met die verskering: God is met ons. Hoe meer tyd jy daar deurbring, hoe meer sien jy die liefderyke genade van God oor jou. Jy leer Hom ken en liefkry. En die liefde, dit dring jou altyd weer terug, want as jy Hom liefhet, wil jy Hom altyd beter leer ken. Katkisasie is 'n groeipunt van jou liefde vir God, van jou verhouding met Hom.

## Die doel van katkisasie

Die een geslag moet aan die volgende geslag van die roemryke dade van die HERE, alles wat Hy gedoen het, leer. Elke geslag moet weet *Wie* die HERE is en wat Hy gedoen het en doen, sodat hulle, hulle vertroue op God kan stel en Hom nie vergeet nie, maar Hom gehoorsaam dien. Die doelstelling en metode word vir ons in Psalm 78 vasgelê. So bewaar die HERE sy kinders in die eenheid van die ware geloof.

Uiteindelik loop katkisasie dan uit op verbondskinders wat die HERE leer ken en vertrou en dan hulle geloof bely. Dit beteken dat hulle bewustelik en selfstandig hulle verantwoordelikheid in die uitvoering van hulle roeping as kinders van God aanvaar. Die Heilige Gees werk dit geleidelik in hulle. Hy laat die saad van die Woord ontkiem in die geloof en laat dit groei tot belydenis.

## Die wonderwerk van belydenis van jou geloof

Om belydenis van jou geloof af te lê, is niks minder as 'n wonderwerk nie. Die ware verbondskinders word *wondertekens* genoem in Sagaria 3:8. Die HERE self bring sy kind tot belydenis van sy genade in Christus. Dit is eenvoudig onmoontlik vir iemand om uit homself te sê: Ek glo. (Ons praat hier nie van skynbelyers nie.) Jesus sê in Johannes 6 dat niemand na Hom toe kom as die Vader hom nie trek nie. Ons bely 'n wonderverhouding: God met ons.

Ons bely, dit beteken ons sê agter die HERE aan. Ons stem in met wat Hy sê. Ons sê dieselfde. Ons sê ons is seker dat wat Hy sê vir ons waar is.

## Is belydenis van jou geloof vir jou 'n eindpunt of beginpunt?

Dit is net 'n eindpunt vir die een wat skynheilig is. Dit is 'n beginpunt vir elkeen wat opreg glo. Soos elke verhouding groei, so groei die verhouding met die HERE ook. Soos man en vrou mekaar in die huwelik beter leer ken en inniger liefkry, nog sterker as dit groei die verhouding met die HERE. Jou verhouding met die Here groei in kennis en vertroue deur sy genade. Dit is net as die liefde verkoel dat die verhouding skadelik. Om te keer dat jou liefde verkoel moet jy jou altyd in die teenwoordigheid van die HERE stel. Dit doen ons as ons van harte na sy Woord luister, sodat ons kan verstaan wat beteken *God met ons*.

Ds Petrus Jansen van Nieuwenhuizen (Marble Hall)



## Lees: Matteus 13:44-46

“Daarna het die Here Jesus verder met hulle gepraat. ‘As jy nou iets van die skoonheid van die koninkryk van die hemel begin raaksien, sal jy bereid wees om enigiets daarvoor op te offer. Dan sal jy net soos die man wees van wie Ek julle nou gaan vertel. Daar was eenkeer ‘n man wat besig was om in ‘n saailand te spit. Skielik het sy graaf teen iets hard gestamp. Daar was ‘n kis onder die grond. Hy het die kis uitgegrawe en oopgemaak om te sien wat daarin was. Toe het hy sy hande van verbasing saamgeslaan.

Dit was ‘n kosbare skat! As dit aan hom kon behoort, sou hy meteens skatryk wees.

Hy het die kis gou weer toegemaak en begrawe, maar hy het klaar besluit wat hy sou doen. Hy wou die skat teen elke prys hê. Hy sou die saailand koop, al kos dit hom ook wat. Dus het hy na die eienaar toe gegaan en gevra hoeveel hy vir daardie stuk grond wou hê. Die eienaar het só ‘n groot bedrag geld gevra dat die man al sy besittings moes verkoop om dit te kon betaal. Tog het hy nie vir ‘n oomblik geaarsel nie. Hy het afstand gedoen van alles wat hy besit het en die saailand gekoop. Nou was hy ryk en gelukkig!

En die skat het hy sommer net gevind, sonder dat hy daarna gesoek het. So gaan dit ook soms in die koninkryk van die hemel. Daar is mense wat, sonder dat hulle daarna gesoek het, skielik die skoonheid daarvan raaksien. Dan gun hulle hulself geen rus totdat hulle ook daaraan behoort nie. Hulle



is bereid om enigiets daarvoor op te offer. Daar is ook mense wat op allerhande plekke geluk probeer vind. Soms dink hulle dat hulle dit gekry het. Maar dan ontdek hulle weer iets anders wat nog beter lyk. Dan laat vaar hulle dit wat hulle eerste gehad het om dit wat vir hulle beter lyk in die hande te kry. Maar ook dit stel hulle nie tevrede nie; hulle soek steeds na iets beters.

Hulle is net soos ‘n handelaar wat pêrels koop. Die een dag is hy in die wolke oor ‘n pêrel wat hy gekoop het. Dit is vir hom tog so mooi! Hy moet dit hê! Maar die volgende dag sien hy een wat nog mooier is. Dan verkoop hy die eerste een en koop die tweede een. Hy bly egter ontevrede. Hy bly op die uitkyk na een wat nog mooier is. En as hy dan so een kry, dan verkoop hy weer die vorige een. So gaan hy aan, totdat hy uiteindelik besef: hierdie een is die mooiste pêrel wat ek ooit sal vind. As ek hierdie een het, sal ek volkome tevrede wees. En selfs as hy hoor dat dit al sy geld sal kos, aarsel hy nie. Hy verkoop alles wat hy besit om hierdie een pêrel in die hande te kry. So gaan dit ook partykeer met mense wat geluk soek.

As hulle Christus leer ken, gee hulle alles prys wat hulle voorheen gelukkig gemaak het, want dan begryp hulle dat daar geen groter geluk te vind is as om Jesus Christus as die Saligmaker te ken nie.”

Henriëtte Grobler (Uit: Bybel oorvertel vir oud en jonk)



### God beheer die natuur

In die vorige uitgawe het ons gesien dat die Bybel leer dat God soewerein is. (Dit beteken dat God volle mag oor alles het.) Hy is soewerein in sy mag, in sy barmhartigheid en in sy genade. Hierdie keer sal ons meer bewyse ontdek van sy soewereiniteit.

### Alles wat God gemaak het, wys dat Hy soewerein is

Hy het volle beheer oor sy hele skepping. Probeer om te dink aan die tyd voor God die wêreld geskape het. Selfs toe was Hy soewerein. Dit was geheel en al sy eie keuse of Hy iets sou skep of nie. Dit was sy keuse hoe hy dit sou skep. Hy kon 'n wêreld gemaak het wat so klein was dat niemand dit kon sien nie. Hy kon 'n wêreld gemaak het wat so groot was dat niemand eers die grootte daarvan kon raai nie. En toe Hy die skepping van die wêreld begin het, het Hy niemand gevra om Hom daarmee te help nie.

### Dink aan die wêreld wat God gemaak het.

Hoekom moet daar soveel meer oseane wees as droë land? Hoekom moet soveel land ongeskik wees vir gebruik? Hoekom moet een plek goed wees om in te woon en 'n ander sleg? Hoekom moet een land baie aardbewings hê en 'n ander geen? Die antwoord is dat God dit so besluit het, en Hy dit so bedoel het.

### Dink aan die verskil tussen diere

Lammetjies en bere, olifante en muise. Sommige diere, soos honde, is skynbaar slim, ander skynbaar onnosel.

Muile en donkies dra vragte maar leeus en luiperds loop vry rond. Dink aan die voëls van die lug, die diere van die land en die visse van die see. Hoekom is daar soveel verskille tussen hulle? Die antwoord is dat dit God behaag het om hulle so te maak.

### Dink aan die plante

Sommige skei 'n aangename geur af terwyl ander geen geur het nie. Party bome dra lekker vrugte terwyl ander se vrugte giftig is. Hoekom is dit so? Dit is omdat God gedoen het wat Hom ookal behaag het in die hemel, op die aarde en in die see.

### Dink aan die engele

Hulle is nie almal dieselfde nie. Party is belangriker as ander, party is magtiger as ander, party is nader aan God as ander. Hoekom verskil die engele? Al wat ons kan sê is dat die soewereine God wat in die hemel woon, gedoen het wat Hom behaag.

### Dink aan die mense

Alles wat God gemaak het, wys vir ons dat Hy soewerein is, want Hy het alles gemaak soos wat Hy goed gedink het. Dus moet ons nie verbaas wees dat menslike wesens ook verskil nie. Party mense is intelligent, ander nie. Party is fiks en gesond, terwyl ander siek is. Verskillende mense het verskillende geaardhede: party kan lei en regeer, ander volg en dien. Ons behoort nie verras te wees deur hierdie verskille tussen mense nie, want God maak een persoon verskillend van elke ander persoon. Hoekom? Omdat die soewereine God sien dat dit goed is so.

God wat alles gemaak het, is absoluut soewerein. Hy doen wat Hom behaag en voer sy eie wil uit. Hy het alles vir Homself geskape en Hy het ook die volste reg om dit te doen, want Hy is die Almagtige God.

### God regeer alles

God het egter nie net alles deur sy soewereine krag gemaak nie, Hy regeer dit ook. Stel jouself voor wat sou gebeur indien God nie alles wat Hy gemaak het, beheer het nie. Veronderstel God het die

wêreld gemaak en dit toe oorgelaat aan wat die mense noem "die wette van die natuur". Ons sou geen sekerheid kon hê dat die wêreld nie vernietig sou word nie. As net die "wette van die natuur" die wêreld beheer het, kon 'n magtige tornado alles vernietig, 'n wolkbreuk kon alles oorstrom, of 'n groot aardbewing kon alles vernietig. Hoe kon ons seker wees dat hierdie dinge nie sou gebeur nie? Indien ons sou sê dat God nie die wêreld beheer nie, verloor ons alle sin vir stabiliteit. As God nie alles beheer nie, impliseer dit dat alles per ongeluk gebeur.

Stel jou voor wat sou gebeur as God geen beperking geplaas het op die bose dinge wat mense doen nie. Stel jou voor hoe dit sou wees as mense heeltemal vry was om te doen soos hulle wil. Alle goedheid in die wêreld sou verdwyn en boosheid en verwarring sou oorneem. Dit wys die nodigheid vir God se beheer oor die wêreld, en dit doen Hy ook sodat dinge nie kan handuit ruk nie.

### God beheer selfs leweloze dinge soos die weer, die wind en die see

Toe God gesê het "Laat daar lig wees", was daar lig. Toe God gesê het dat Hy die vloed sou stuur omdat die mens so boos geword het, het dit gebeur. Toe God die plee in Egipte laat gebeur het, is lig verander in duisternis, die rivier is verander in bloed en groot haelstene het geval. Tog was God in beheer van al hierdie gebeurtenisse. Reg deur die Bybel het God alle leweloze dinge beheer.

Koning Nebukadneser se oond is sewe keer warmer as gewoonlik gemaak en drie van God se kinders is daarin gegooi, tog het die vuur nie eens hulle klere geskroeい nie, hoewel dit die mense wat hulle daarin gegooi het, gedood het. Toe die dissipels saam met die Here Jesus Christus in 'n boot was en 'n storm die dissipels bang gemaak het, het Jesus vir die storm gesê: "Swyg, wees still!" en die wind het gaan lê en die see het kalm geword.

... vervolg op bladsy 15.



# Vrou-wees in Christus... wat 'n vreugde!

## Lees vooraf Spreuke 31

In ons vorige uitgawe het ek geskryf oor die voorreg van 'n ma. Kom ons gaan verder met hierdie tema deur te hoor wat sê die Here in sy Woord oor vrou-wees in Christus.

### 'n God-gegewe voorreg

So duidelik openbaar die Skrif aan ons dat vrou-wees in Christus 'n God-gegewe voorreg is. Hierdie is 'n belangrike stukkie belydenis, want dikwels hoor ons hoe die moderne Eva swaar dra aan die beproeinge en die versoekinge van die huidige samelewing. Daar word soveel onnodige druk op ons Evasgeslag geplaas, so baie word van hulle verwag – daarom dra so baie vrouens werklik swaar aan die las van die tyd.

### Ervaar die vreugde

Die Woord van die Here roep ons op om die vreugde van vrouwees in Christus te ervaar. Hy skep haar as die man se gelyke, maar ook sy helper. 'Saam sal julle, man en vrou, in My skepping diensbaar wees.' Tog interessant dat die Here dan in die vrou se menswees die liefde, waar

sy, sonder nadenke of twyfel haar lewe vir haar man en haar kinders opoffer, inskape.

Hierdie vreugde word intens bedreig deur die afwesigheid en verwatering van Bybelse beginsels in die samelewing van vandag. Die veranderende samelewing waarin die vrou haar bevind, wil so graag die vrou losmaak van hulp-wees vir haar man; wil so graag sy hoofskap oor haar wegneem, sonder dat ons besef dat ons daarmee openlik die vreugde van vrouwees in Christus steel.

Die huweliksformulier wat ons gebruik in ons kerke, bring so mooi hierdie vreugde van vrouwees onder woorde: *U moet ingetoë en eerbaar lewe, vir ander tot voorbeeld in deugsaamheid.* 'n Vrou wat in Christus leef, wil so lewe, sy kan nie anders nie. Haar liefde vir haar man en haar liefde vir haar kinders dwing haar daar toe om in Christus aan haar gesin en huishouding die regte aandag te gee. Die vreugde en die krag van haar vrouwees lê huis in hoe die Here haar geskape het, as *Vrou en as moeder*, want alleen sy kan hierdie rolle op aarde vervul. Niemand en niks anders nie. Daarom lê haar eerste lojaliteit by haar familie as familie van Christus.

### Die vreugde lê in Christus

Vrou/moeder, jou vreugde van vrouwees, in der waarheid, van menswees, lê gesetel in Christus. Oefen jouself in die gawe van gebed, laat daar voortdurende verandering

wees in jou hart, moenie swaar dra aan die eise van die dag nie. Groei in Godsvrug, in waardigheid, in ingetoënheid en beskeidenheid. Wees moeder (Gen.1:27,28); wees 'n emosionele tuiste (Ps.131); wees versorger (Spr.31); wees 'n opvoeder en 'n voorbeeld (Deut.6 en Ps.78) – dit is vreugde in Christus. Dit is gawes wat deur die Here self gegee word.

Moenie dat oorvol programme, kommunikasiegapings, emosie, valse dryfvere, samelewingsdruk of enigiets anders, jou rolle van jou steel en jou roeping belemmer nie. Die krag van vrouwees in Christus lê in die uitleef van Christus se roeping vir jou. Wat 'n wonderlike roeping. Wees vrou en wees moeder en die krag daarvan sal in die samelewing sigbaar wees.

### Manne, luister mooi

Waardeer julle vrouens, gee erkenning aan hulle, moet hulle nie uitskuif nie, betrek hulle in julle lewens en hê begrip vir die onderskei rolle van vrouwees wat God aan haar gegee het in Christus. Moenie dat leierskap by jou ontbreek nie, want dan plaas jy druk op hierdie rolle wat sy van God ontvang het. Gee aandag aan haar geloofsposisie voor God.

Lewer gerus kommentaar of stuur voorstelle vir temas aan:

[jgnoeth@telkommsa.net](mailto:jgnoeth@telkommsa.net)

Ds. Hannes Noëth  
(Kimberley)




... vervolg vanaf bladsy 14.

God beheer die weer want Hy stuur hael, sneeu en wind. Hy stuur die reën en laat dit ophou. Al hierdie leweloze dinge doen wat God sê. Hulle voer sy heilige wil uit. Wanneer ons oor die weer kla, kla ons in der waarheid oor die wil van God.

God het die wêreld gemaak en gaan voort om dit te beheer. Hy is soewerein oor die diere, mense en engele soos ons volgende keer sal sien.

Willem Swanepoel het die boekie "Who is in control?" vertaal. Grace Publications Trust het later goedgunstig ingestem dat dit gepubliseer kan word. Dit is beskikbaar by Woordverspreiding (+2716) 492-1923.

(Verwerk deur die redaksie)



<b>Af</b>			
1 is sy oordeel weggeneem (Hand. 8)	36 die ark was 300x50x30	14 ek vermaan om eensgesind te wees (Fil 4)	43 lid van 'n volk
2 Seraja was sy pa (Bybelboek)	37 lank na (afk)	16 reservatis reservandis (afk)	45 dit is mos so?
3 refereer na trekker (afk)	44 werk met diere	17 dit lê suid van Memphis/ Nof (Eseg. 29)	46 opwaarts
4 ligging	47 dorp	19 dorp	48 wie moet nie in versoeking gelei word? (Matt. 6)
5 haar naam beteken: stryerig (Rut)	48 ag musiektone	20 'n seun van Benjamin (Gen. 46)	50 simbool vir Europium
6 Adam se ewebeeld	49 werklik?	22 mag nie begeer nie (Ex. 20)	51 menigte
7 'n stormwind in Hand. 27	51 simbool vir silikon	23 in die jaar van ons Here (afk) {Anno Domini}	53 kalmte
8 blom	52 24 uur dag	24 waarin 8 siele gered is (1 Pet. 3)	54 die el aan weerskante te veel (Ex. 26)
9 luiardaard	53 slaaf van Elisa (2 Kon. 4)	26 simbool vir Bismut	56 koning van Sodom (Gen. 14)
10 handeling	55 spikkeld	27 ongesuurde koeke (Ex. 12)	57 oormatig
11 noem my Mara (Rut 1)	58 en dergelike (afk)	29 die plek was vol gate (Gen. 14)	59 simbool vir Samarium
12 wit van eier	60 die vloek op die berg in Kanaan (Deut. 11)	33 waarnemend (afk) {ad interim}	61 bestuur
15 leraar (afk)	62 5de maand van Joodse jaar	34 ook	63 Jerusalem se ander naam (Eseg. 23)
18 'n dissipel by Damaskus (Hand. 9)	63 venster van die siel	35 Wie is soos U, verheerlik...? (Ex. 15)	66 vrou van Kaleb (1 Kron. 2)
21 Josef was dit in Gen. 42	64 onbeset	38 die sonde loer voor die deur (Gen. 4)	68 wink
25 agterkleinseun van Juda (1 Kron. 4)	65 aldaar (afk) {ibidem}	39 Rex Imperator {keiser/ koning} (afk)	69 luislang
26 seun van Ulam (1 Kron. 7)	67 syns insiens	40 dier (Deut. 14)	70 seun van Korag (Ex. 6)
28 onse God is so 'n Here (Deut. 6)	68 stuur	41 kom na My toe, wat vermoeid is (Matt. 11)	72 provinsie van Klein-Asie (Hand. 2)
30 aandag	71 oud registrasie van Usakos	42 Indo-Germaans (afk)	74 nie by jou lengte byvoeg nie (Matt. 6)
31 bring jou tot kranksinnigheid (Hand. 26)	73 insake		75 kerk klok
32 vader van blinde bedelaar (Mar. 10)			76 stad van die Galdeërs (Gen. 11)
33 aanhoudend			77 huwelik
	<b>Dwars</b>		78 doen dit aan jou ouers (Ex. 20)
1 God het Hom deur sy regterhand verhoog (Hand. 5)			
9 seun van Dawid (1 Kon. 1)			
13 haar ander naam is Haddassa			